# Les 04 ONS BEHOORT AAN DIE HERE: ONS NOEM GOD "HERE JESUS" EN "ONS VADER"

## 1. Moses vra hoe hy God moet noem as Hy met Hom praat

Verlede week het ons gesien dat ons gedoop is in God se volle Naam: die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Ons behoort aan die Here en ons is in Sy volle Naam gedoop. Maar hoe moet ons die Here noem as ons met Hom praat?

Dit is wat Moses die Here vra in Exodus 3. Kom ons lees dit saam!

"[9] *Die noodkrete van die Israeliete het My bereik, en Ek het ook aanskou hoe Egipte hulle verdruk.* [10] *Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry.""*[11] *Toe sê Moses vir God: "Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry?"* [12] *God het Moses geantwoord: "Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het, sal dít wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal julle My by hierdie berg aanbid."* [13] *Daarna sê Moses vir God: "Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra vir my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle sê?"* [14] *Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur."* [15] *Verder sê God vir Moses: "Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.' Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag.*"

Die Here kom na Moses en sê vir hom dat Hy, die Here, gesien het hoe swaar Sy kinders, die Israeliete, in Egipteland kry.

Hulle moet dag en nag stene maak uit klei en strooi om die Egiptenare te help om die groot piramides te bou. Weet julle wat is die piramides? Dit was groot stene wat hulle soos 'n driehoek bo-op mekaar gepak het en was die grafte waarin die konings van Egipte begrawe is. Hierdie piramides staan vandag nog in Egipte en mense van oor die hele wêreld ry om na hulle te gaan kyk.

Die Here het gesien hierdie konings laat Sy kinders soos slawe werk. Hulle het gemaak asof die Here se kinders nie aan Hom behoort nie, maar aan hulle. Hulle het met hulle gemaak net wat hulle wou en hulle seergemaak net soos hulle wou.

Toe besluit die Here – Sy kinders behoort aan Hom en Hy gaan hulle wegvat van hierdie konings wat dink hulle behoort nie aan die Here nie, maar aan hulle. Die Here het besluit Hy gaan hulle versorg en help. Die Here gee toe aan Moses die opdrag dat hy na Egipte moet gaan en aan die Israeliete moet gaan vertel: die Here gaan julle wegvat van die konings wat julle mishandel, na 'n land waar die Here julle sal versorg en julle Hom sal aanbid.

Moses moet hulle gaan vertel wat sê die Here en daarom vra hy dan vir God:
*."* [13] *Daarna sê Moses vir God: "Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra vir my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle sê?*

Hy vra vir God wat is God se noemnaam.

**2. <u>God het nie ŉ noemnaam nie</u>**

*[14] Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur."*

Wat is ŉ noemnaam? Ons het verlede week daarna gekyk. ŉ Noemnaam is baie keer *nie* die naam waarmee jy gedoop is nie. Dit is die naam waarmee jou maats jou noem as hulle met jou praat. As jou maats met jou praat, dan noem hulle jou: "Jan", "Jean", "Martie" of "Chantel".

Dit is wat Moses vir die Here vra. Hy vra vir die Here wat is Sy noemnaam: wat is Sy naam waarmee ons Hom moet noem as ons Hom aanbid.

Kyk na die vreemde antwoord wat die Here hom gee. Die Here sê Sy Naam is: "Ek is wat Ek is." En hulle moet die Here noem: "Ek is".

Hoekom sê die Here dit vir Moses?

As jy vir iemand vra: "Wat is jou naam"? en hy sê "Ek is", het hy vir jou gesê wat sy naam is? Nee! Hy sê nie vir jou wat sy naam is nie. Dit is presies wat die Here vir Moses sê: die Here gee nie vir Moses Sy noemnaam nie, want die Here het nie ŉ noemnaam waarmee ons Hom noem as ons bid nie.

Die Here sê vir Moses – mense mag Hom nie met ŉ noemnaam noem nie.

**3. <u>Dit is soos met die skoolhoof</u>**

Wat noem julle die skoolhoof as julle met hom praat? Mag ŉ skoolkind die hoof "Marie" of "Pieter" of "Susan" noem? Julle mag nooit ŉ skoolhoof op sy of haar noemnaam noem soos julle jul vriende noem nie. As julle met die skoolhoof praat, moet julle hom "meneer" of "juffrou" noem.

Wat noem julle die onderwysers wat vir julle klas gee? Mag julle hulle "Bertie" of "Stefan" of "Annelize" noem? Julle mag hulle nooit op hulle noemname noem soos hulle vriende hulle noem nie. Julle moet hulle altyd "meneer" of "juffrou" noem.

Wat noem julle jul pa's en ma's as julle met hulle praat? Julle noem hulle "Pappa" of "Mamma". Julle mag nooit julle pa's of ma's op hulle noemname noem soos wat hulle vriende dit doen nie.

Dit is wat die Here vir Moses sê! God het nie vir mense ŉ noemnaam gegee waarmee hulle Hom kan noem nie. Ons mag nooit vir God ŉ noemnaam gee nie en ons mag nooit met die Here praat asof Hy ŉ noemnaam het nie.

**4. <u>Die woord "Here" beteken: "Ek is"</u>**

Wanneer die Here vir Moses sê: "Ek is wat Ek is", dan sê Hy, Hy is God. Hy het ons gemaak en Hy sorg vir ons. Hy is nie soos 'n mens wat 'n noemnaam het nie.

Dit is wat die naam "Here" beteken: God is God. Hy het ons gemaak: ons behoort aan Hom en Hy sorg vir ons. God is wat Hy is.

Ons noem God "Here" want dit beteken God is God: Hy maak en versorg ons.

Daarom noem ons vandag nog vir God "Here" as ons Hom aanbid. Dit is soos Hy vir ons geleer het hoe ons Hom altyd moet noem:

*"Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag.*"

**5. <u>Ons noem die Here op Sy volle naam, nie Sy noemnaam nie</u>**

Kom ons lees Efesiërs 1 verse 1 tot 3 saam!

"*Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God. Aan almal in Efese wat aan God behoort en in Christus Jesus glo.* 2 *Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!* 3 *Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.*"

Kom ons lees weer vers 2 saam: "*Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!*"

**Die Betekenis van die Bybelvers:**

- Kyk weer na vers 1. In watter dorp bly die mense vir wie Paulus hierdie brief stuur? Dit is die dorp "Efese". Paulus skryf hierdie brief aan almal in die dorp Efese wat aan God behoort. Hulle is ook gedoop en hulle doop is die merkteken wat wys hulle behoort aan die Here, net soos ons.

- In vers 3 wys Paulus ons hoe mense wat aan die Here behoort, Hom noem as hulle oor Hom praat en met Hom praat. Hy noem God: "*ons Vader en die Here Jesus Christus*."

Die volle Naam van die Here is die Naam waarmee ons gedoop is. Daarom kan ons die Here ook noem op sy volle Naam: ons Vader en die Here Jesus Christus.

Hierdie name van die Here is ook nie noemname nie.

As jy vir jou pa, Pa sê, dan noem jy Hom nie op sy noemnaam nie. Jy noem hom "Pa" omdat jy sy seun of dogter is wat aan hom as pa behoort. Sy vriende of jou ma noem hom op sy noemnaam, maar nie jy nie.

Net so: as ons die Here "Ons Vader" noem, is dit nie Sy noemnaam nie. Hy het ons gemaak en ons behoort aan Hom. Daarom noem ons Hom "ons Vader".

Die naam “Jesus” is ook nie God se noemnaam nie. Die woord “Jesus” beteken “Verlosser”. God is die een wat ons van ons sonde verlos. Omdat Hy ons sonde wegvat, noem ons God “Jesus”. Hy is wat Hy is. Hy is ons Verlosser.

Dit is hoe ons God noem as ons tot Hom bid:

- Ons noem Hom “Here”, want Hy is wat Hy is: God.
- Ons noem Hom: “Ons Vader”, want Hy het ons gemaak en ons behoort aan Hom.
- Ons noem Hom: “Here Jesus”, want Hy vat al ons sondes weg van ons af.

**6. <u>Ons noem die Here nooit “Liewe Jesus” as ons met Hom praat nie</u>**

Het jy al ooit so met die skoolhoof gepraat: “Môre liewe meneer”, “ja, liewe meneer”, “goed, liewe meneer”? Ons weet almal jy mag nie só met die skoolhoof praat nie. As jy lief is vir jou skoolhoof, dan sê jy vir Hom “meneer”. Het jy al ooit só met jou pa of ma gepraat: “Môre liewe Pappa”, “môre liewe Mamma”, “ja, liewe Pappa”, “ja, liewe Mamma”? Nee, ons doen dit nooit nie. Ons kan sê: “Ek het Pappa lief of Mamma lief". Maar dit is baie anders as om hulle liewe Pappa en Mamma te noem as ons met hulle praat.

Weet julle van enige iemand of enige plek in die Bybel waar iemand God “Liewe Jesus” noem? Daar is nêrens so iemand of plek in die Bybel nie.

Kom ons kyk waar ʼn jong seuntjie met die Here praat. As die Here hom roep, wat noem hy die Here?

*[6] Die Here het weer na Samuel geroep, en hy het opgestaan, na Eli toe gegaan en gesê: “Hier is ek, want u het my geroep.” Toe sê Eli: “My seun, ek het nie geroep nie! Gaan lê maar weer.” [7] Maar Samuel het nog nie die Here geken nie, want die woord van die Here was nog nie voorheen aan hom geopenbaar nie. [8] Die Here het Samuel toe ʼn derde keer geroep, en hy het opgestaan en na Eli toe gegaan en gesê: “Hier is ek, want u het my geroep.” Toe besef Eli dat die Here die seun geroep het, [9] en Eli sê vir Samuel: “Gaan lê en as iemand jou weer roep, sê jy: Praat, Here, u dienaar luister!” Samuel het toe gegaan en op sy slaapplek gaan lê. [10] Die Here het gekom en gaan staan en soos die vorige kere geroep: “Samuel, Samuel!” En Samuel sê: “Praat, Here, u dienaar luister!” 1 Sameul 3.*

Hy noem God: “Here”.

Wanneer ons die Here “Liewe Jesus” noem, dan gee ons vir Hom ʼn noemnaam. En die Here mag nooit met ʼn noemnaam genoem word nie.

**8. <u>Samevatting en opdrag</u>**

God het nie ŉ noemnaam nie. Ons noem Hom “Here”, want Hy is wat Hy is, God. Hy is nie soos ŉ mens nie. Ons noem die Here ook op die name waarmee ons gedoop is: “ons Vader” en “Here Jesus”.

Gaan vra vir Pappa of Mamma of God ŉ noemnaam het en vertel dan vir hulle hoe noem ons God as ons tot Hom bid.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het.

________________________________.
Handtekening: ouer of voog.